e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

15 Mei 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 14

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Tyd om te gaan

Deel van (die meeste) predikante se lewe is die feit dat jy van tyd tot tyd verhuis namate jy van beroep verwissel.

Tydens die eerste vier jaar van my bediening het ek en my vrou byvoorbeeld vier (en 'n half) keer verhuis tussen huureiendomme en twee maal my eie eiendom wat van voor af *leefgereed* gemaak moes word. (Ek het nou die dag nog 'n kartondoos vol *trekgoed* ontdek wat in sewe jaar nooit oopgemaak is nie, omrede ek nie gedink het dit die moeite werd sou wees nie – want binnekort trek ons mos weer!)

Een van die dae is dit weer sulke tyd: Ons verhuis. Maar hierdie keer is dinge effe anders: Ons is op pad Kanada toe.

Hierdie trek het ander uitdagings as vantevore: Oor elke liewe ding, alles wat ek besit, moet besluit word. Ewe skielik neem ek al die dingetjies wat die ruimte rondom my gevul het nie meer as vanselfsprekend en sommer net daar nie. Alles word 'n besluit: Gaan dit saam of bly dit? Indien dit saamgaan, wat moet in die plek daarvan bly? Indien dit bly, word dit gegee of word dit verkoop? En indien dit verkoop moet word, vir hoeveel? En wie gaan nou eintlik in 'n ou broodpan of kussing of 'n moeë ou boor belangstel – oftewel, genoeg om jou geld daarvoor te gee? En dan praat ek nie eens van al die boeke wat elkeen soos 'n goeie ou vriend 'n besondere plek in my hart het nie.

En ewe skielik wil almal 'n yskas hê, maar ek kan mos nie geld vra vir my ma se ou Kelvinator wat sy by my pa gekry het as geskenk toe ousus gebore is nie... Dit moet seker maar teruggaan na 'n familielid toe? Die ander (nuwe) yskas kan ek ook nie in stukke kap om almal tevrede te stel nie. Dus moet ek kies: Wie gaan die meeste of langste vir my kwaad bly daaroor?

As 'n reël is ek lekker deurmekaar en vergeetagtig (die bediening is geneig om dit aan jou te doen), maar met al die horde besluite is dinge deesdae erger. Tussendeur die spanning om jou voertuie te verkoop – waarvoor elke handelaar (en *belangstellende*) hulle tande slyp omdat hulle weet jy desperaat is en hulle goeie wins kan maak – sowel as die gewone roetine van dominee wees, gebeur daar maar die gewone onvoorsiene verpligtinge ook: die afsterwe van 'n lidmaat, die siek word van 'n geliefde, die skryf van 'n artikel... Hoe gaan ek by alles en almal uitkom? My kalender se herinneringsfunksie op my selfoon werk oortyd, dis nou indien ek onthou om die selfoon se battery te herlaai.

Daar is heelwat sake wat my die afgelope tyd effe onkant betrap, en ek nie 'n sinvolle oplossing voor het nie, byvoorbeeld: Saterdag 31 Mei 2014 om 23:59 is ek nog predikant van 'n gemeente en van die NHKA. Sondagoggend 1 Junie 2014 is dit nie meer die geval nie. So waar kerk ek dan? Hoeveel keer gaan dit nodig wees om vir medelidmate (en veral my *kiddies*) te sê: *Jy hoef my nie meer Ds (Dooms) te noem nie*?

Maar – en hierdie is 'n belangrike *maar* – 'n trek soos hierdie het 'n geweldige positiewe invloed op my lewe tot dusver gehad: Dit dwing my om weer nuut te kyk na my lewe. Wat is werklik belangrik? Hoeveel dinge het nie al begin om my lewe te *clutter* nie? Wat het ek werklik nódig? Ek beskou hierdie as 'n belangrike skoonmaakproses waardeur God my nie net lei nie, maar ook laat groei tot nuwe geestelike volwassenheid wat ook tot aanwins vir sy Koninkryk gebruik kan word.

Ds Heinrich Botha, Evander

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas.

Vakante standplase

- **Gemeente Newlands** in Johannesburg beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante of proponente wat in **deeltydse hoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente het ongeveer 230 lidmate waarvan 200 belydend is. Die meerderheid lidmate is afgetredenes. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg om enige of geen van die aansoeke te aanvaar. Belangstellende predikante of proponente kan 'n volledige CV e-pos na **klombard@prasa.com**. Indien u navrae het, kontak die skriba, oudl Koos Lombard, by 082 480 1723. **Aansoeke sluit op 15 Mei 2014.**

- **Gemeente Grootvlei** in die ring van Noordelike Pretoria beplan om hul vakante standplaas te vul met 'n **deeltydse bediening**. Grootvlei is 'n mikrogemeente met potensiaal om te groei. Ons benodig 'n dinamiese, kreatiewe, gesonde en energieke predikant, wat deur middel van deeltydse bediening in die gemeente kan werk. Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op gemeentelike ontwikkeling, en om saam met die kerkraad te werk om projekte uit te bou en nuwe projekte te inisieer en te implementeer waar nodig.

  Die suksesvolle kandidaat moet oor eie verblyf en eie vervoer beskik. Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket met die duur van ten minste een jaar. Belangstellende predikante of proponente kan **voor of op 19 Mei 2014** 'n volledige CV stuur na **grootvleinhk@gmail.com**. Navrae kan gerig word aan ds Frikkie van Wyk (eerste konsulent van die gemeente) by 083 625 6788 of Nico Kruger (skriba/ouderling) by 084 627 3819. Slegs gekeurde kandidate sal vir 'n onderhoud genooi word. Die gemeente behou die reg om kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, ook te oorweeg.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Oudl Dot Reed

Mev Maggie Nortje

- Een van Gemeente Outeniqua se staatmakers is na 'n kort siekbed oorlede. **Oudl Dot Reed** was sedert haar huwelik met Danie in 1957 lid van die NHSV – in die eertydse Rhodesië, Gwelo, waar sy grootgeword het en haar lewensmaat ontmoet het, jare lank in Pretoria en uiteindelik na hul aftrede in Glentana en later in George. Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestaandes en vriende.

- **Mev Maggie Nortje**, voorheen van Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies en later van Noordelike Pretoria, is in die ouderdom van 84 jaar oorlede. Sy het longkanker gehad. Sy was baie jare lank 'n aktiewe lid van die NHSV. Die begrafnis vind plaas op Donderdag 15 Mei om 12:00 vanuit Klerksdorp-Wilkoppies. Ons innige simpatie gaan aan mev Nortje se naasbestaandes.

- Ons **innige simpatie** gaan **aan ds Josef Motloba** van die MRCC. Sy vrou se oom en sy suster se man is in dieselfde tyd oorlede, met die begrafnisse op Saterdag 17 Mei.

Dr Christo van der Merwe

Dr Wimpie van Schoor en sy vader, oudl Willie van Schoor

- **Ds Hennie Pretorius** van Bothaville het twee angiogramme ondergaan en twee stente ontvang. Hy is besig om aan te sterk. Ons bid hom algehele herstel toe.

- **Dr Christo van der Merwe** van die HTK het op Sondag 11 Mei sy emeritaatgeleentheid gehad. Prof Johan Buitendag het namens die NHKA die woord gevoer en ds Dries Beukes namens sy vriende. Prof Buitendag het die akte van emeritaat aan hom oorhandig. Dit was ook dr Van der Merwe se 65ste verjaardag en op die foto is hy by die verjaardagkoek. Dis in die vorm van 'n Bybel wat oop is by Sagaria 8, wat die teks vir sy proefpreek was.

- **Dr Wimpie van Schoor** van Gemeente Primrose-Oos het onlangs sy 25-jarige ampsjubileum gevier. Op die foto is dr Van Schoor en sy pa, Willie van Schoor, wat namens die Kommissie van die AKV groete oorgedra het.

- **Dr Daan van Wyk (sr)** vier sy 50ste ampsjubileum op 8 Junie in Gemeente Waterberg. Prof Theuns Dreyer sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.

- **Prof Adriaan Neele** word op 18 Mei georden in Gemeente Bloemfontein. Oudl Anton Valks sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.

- **Ds André Oberholzer** is losgemaak van Gemeente Harrismith en word beroepbaar gestel in die Kerk.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Swak kontras en kleurafwisseling veroorsaak dat baie ouer persone nie die kante en rante van items kan raaksien nie, soos byvoorbeeld waar die teëls ophou en die mat begin of die einde of begin van 'n trap. Hou dit in gedagte wanneer 'n vertrek vir gebruik deur ouer mense voorberei word. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **PROJEK 21.** Almal word uitgenooi om van 15 Mei tot 15 Junie te wys dat hulle omgee vir bejaardes deur deel te neem aan *Tooi Turkoois vir Bejaardes*. Dra in hierdie tyd 'n turkoois strikkie of 'n turkooiskleurige kledingstuk, hang 'n turkoois lap by jou voorhek of in jou motor se agterruit, en doen wat jy kan om mense bewus te maak van ons bejaardes se nood en behoeftes. Vir meer inligting, gaan kyk gerus by **www.goturquoise.co.za**.

- **47STE NASIONALE NHSV KONGRES.** Wat het die volgende gemeen?
  - Gekraakte koppies en pierings – weens natuurlike oorsake.
  - Koppies en pierings wat nie meer by mekaar pas nie – om huishoudelike redes.
  - Teepotte van Ouma se tannie wat jy geërf het – dit was toe mooi.
  - Ou koffers en boks-skooltassies – jou huis is eintlik vol.

  Die gemene deler? Ek soek asseblief hierdie lysie goedere vir die NHSV Kongres. Goedere kan afgegee word by Gemeente Wonderboom. Kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883.

- **Ds Stephan van Tonder**, tot onlangs van Gemeente Gobabis in Namibië, is terug in Pretoria. Hy kan gekontak word by 083 415 5677 of **stephanvt@gmail.com** om eredienste waar te neem.

  Ds Van Tonder het ook die volgende teologiese boeke beskikbaar, waarop 'n aanbod gemaak kan word:
  - 6 boeke: *Theological Dictionary of the New Testament*. Kittel and Friedrich
  - *Kirchliche Dogmatik.* Karl Barth. Volumes II1, III2, III3, IV1

  Kontak hom by 083 415 5677 of **stephanvt@gmail.com**.

- **Gemeente Brackenhurst in Alberton**, bekend as die Seester-gemeente, benodig ’n permanente klawerbordspeler vanaf einde Mei. Rig navrae aan Mariska Cilliers by 082 929 8882.

- **Gemeente Turffontein** stel graag hul Facebook-blad bekend: **https://www.facebook.com/nhkturffontein**

- **EVALUERING VAN VOORNEMENDE TEOLOGIESTUDENTE.** Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om Teologie te studeer. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **13 Junie 2014.** Die evaluering geskied by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria op **Vrydag 18 Julie 2014**. Aansoekvorms kan aangevra word van die Studentebeampte, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303.

- Die ***Nuwe Testament en Psalms: ’n Direkte Vertaling*** (standaard hardebanduitgawe) kan bestel word van SENTIK se boekwinkel teen R49 (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291; faks 086 633 4054; e-pos **sentik@nhk.co.za**.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **vyfde en sesde Sondae van die Opstanding (18 en 25 Mei):**

  “***Kantate*** (18 Mei). Op hierdie, die vyfde Sondag van Pase, sing die gemeente in dankbaarheid lofliedere vir die Heer (Kol 3: 16). Één rede hiervoor vind ons in Johannes 14: 1-14. Die opgestane en verhoogde Heer is besig om vir ons ’n plek in sy Vader se huis voor te berei. Hy belowe ons ook om terug te keer om ons na hierdie nuwe woning te neem. Hiernaas is daar ook die belofte van die koms van die Heilige Gees (Joh 16: 7). Lofgesange moet dus noukeurig uitgesoek word sodat hulle by die tema van die dag kan pas. Onthou, ons trek by die vyfde Sondag van Pase en die fokus moet op die opgestane Heer bly!

  “*Rogate* (25 Mei). Die sesde Sondag van die Paaskring konsentreer op gebed tot die opgewekte Here Jesus Christus. Om hierdie rede word die naam van die Sondag afgelei van die Latynse woord vir bid, naamlik *rogare*. Jesus van Nasaret, wat die dood oorwin het, onderrig sy kerk onder andere in Lukas 11: 4-13 oor die gebed. Hy leer ons dat ons vrymoedig kan bid, aangesien sy Vader die luisterende en antwoordende God is, wie se goedheid oneindig groot is. Gebed gaan nie net om versoeke nie, maar ook om dankbetuiging en lof. ’n Predikant kan, in oorleg met die orrelis, ’n groot aantal liedere uitsoek, wat die gemeente sal help om al singende uiting te gee aan die diepste bedoeling van hierdie dag.”

- **MRCC WOLMARANSSTAD.** Ds Theuns Botha van Bulawayo, wat reeds 21 jaar lank betrokke is by die MRCC Wolmaransstad, vanaf hul stigting, laat weet soos volg: “Op Saterdag 31 Mei arriveer ’n sendinggroep van die VSA vir die vierde keer die afgelope agt jaar om toerusting te gee aan lidmate, personeel van die kleuterskool en die gemeenskap. Die MRCC het al ver meer as R200 000 van hulle in die verlede ontvang, wat insluit ’n volledige kerkgebou en toerusting asook volgehoue ondersteuning aan die personeel van die Ditephogo Pre-school en die predikant van die standplaas. Daar is ook voorsiening gemaak vir permanente woonplek vir die predikant op die perseel. Sedert 2006 stuur hulle ook jaarliks Kersgeskenke uit die VSA aan al die kinders van die kleuterskool en die personeel. Vanjaar se projek behels die bou van ’n **nuwe kleuterskool**, en dit ten bedrae van R505 000! Die kleuterskool is in die verlede gehuisves in ’n *makuka* (sinkgebou). Dit het nie volledig voldoen aan standaarde en regulasies van die departement nie, en gevolglik is besluit om hierdie projek aan te pak. Die ou geboutjie is reeds afgebreek en die nuwe gebou behoort teen die einde van die maand voltooi te wees. Die span van die VSA gaan dan ook help met binneafwerking en toerusting

van die gebou. Oorspronklik was net een gemeente van die VSA betrokke. As gevolg van die verskuiwing van die predikant na ’n ander gemeente asook lidmate wat verhuis het, is daar vanjaar lede van drie gemeentes uit drie verskillende state (Kentucky, Tennessee en Virginia) betrokke. Die groep bestaan vanjaar uit 45 lede.

“Ongelukkig kon Auto Pedigree, ons voertuigborg van die verlede, nie weer vervoer voorsien nie. Ons het wel ’n kontantborg van Action Ford in Krugersdorp ontvang. As iemand bewus is van beskikbare vervoer (moontlik skoolbussies of soortgelyk) wat ons kan kry of huur vir die eerste twee weke van Junie, sal dit ons regtig baie help. Die gedagte is drie bussies met 14 sitplekke. Ons beskik oor bestuurders. Ek kan gekontak word by **camelhors@gmail.com**.

“Die ring van Maquassi is dankbaar en bevoorreg om hierdie sendingvennote te hê. Ons sien uit daarna om weer saam met hulle te werk gedurende die eerste twee weke in Junie! Die eer vir die vrug van die projek gaan aan die Here van die kerk! Die projek se leuse oor die jare is *Worlds apart, bound by faith*.”

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **16-18 Mei: Geloof in Aksie Motorfietsbediening (Gemeente Randburg)**
  30 lede besoek Oos-Transvaal
  Sondag 18 Mei Gemeente Nelspruit – erediens deur ds CJ van Wyk

- **16-18 Mei: 75-jaar-feesviering: Gemeente Noordwestelike Pretoria**
  Vrydag 16 Mei: Gemeentekonsert om 19:00: *Ons droom vir ons kinders*
  Saterdag 17 Mei vanaf 10:00: Kuier saam met ou en huidige lidmate
  Sondag 18 Mei: Dankdiens
  Navrae aan Johanna Scholtz by 082 928 5592

- **24 en 25 Mei: Gemeente Marble Hall 70 jaar**
  Alle oudlidmate, predikante en lidmate welkom
  Navrae aan Gerda by 013 261 1028 van 08:00 tot 13:00
  of by **hervmh@telkomsa.net**

- **Sondag 1 Junie vanaf 18:00: Massabyeenkoms**
  Sing, loof en prys die Heer!
  Aula, UP
  Navrae aan dr Sanrie de Beer by 083 226 1866

- **19-22 Junie: 60-jaar-viering: Gemeente Tzaneen**
  Donderdag 19 Junie: Silwer- en notelegging ten bate van Bybelgenootskap van Suid-Afrika en verspreiding van Bybels

Kom kyk na grootste Bybelversameling in private besit – in kerksaal in Agathastraat
Donasie vir Bybelverspreiding sal welkom wees
18:00: Tee en koffie en koek, en liggiestap deur die dorp
Vrydag 20 Junie om 18.30: Dewald Wasserfall by The Manor Pub & Grill hv R71(Phalaborwa) en die Lushofpad
Opelugkonsert, piekniekmandjies kan vooraf bestel word, geen eie drank of koeldrank nie
Kaartjies by gemeentekantoor, Thomas en Swanepoel Prokureurs, Tzaneen-, Tzaneng- en Van Heerden-apteke
Sondag 22 Junie om 09:00: Dankdiens by die Eiland-vakansieoord
Gemeente- en gesinsdag daarna
Navrae aan gemeentekantoor by 015 307 4508 (08:00-13:00) of ds Richard van der Westhuizen by 0721447514

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 Mei, en word hartlik geluk gewens.**

o Vrydag 16 Mei:	Di AC (André) Swanepoel (Vanderbijlpark-Suid) en EM (Liza) Steenekamp (Witbank-Suid)
o Saterdag 17 Mei:	Ds AG (André) Strauss (buiteland)
o Sondag 18 Mei:	Di MS (Marissa) Kidson (Pretoria-Wes) en CJ (Stoffel) Smit (emeritus)
o Dinsdag 20 Mei:	Di HJ (Hendrik) Odendaal (Rietvallei), T (Theuns) Snyman (emeritus) en dr PJ (Piet) van Zyl (Ermelo)
o Vrydag 23 Mei:	Ds CJ (Carel-Johann) de Bruin (siekte-emeritaat)

Beplande vergaderings

o Donderdag 15 Mei:	Redaksie van *Die Hervormer*
o Vrydag 16 Mei:	Moderamen OSR Finkom
o Dinsdag 20 Mei:	ADV Kommunikasie
o Woensdag 21 Mei:	OSR Bestuur
o Donderdag 22 Mei:	Bejaardesorg Bestuurskomitee
o Vrydag 23 Mei:	Werkwinkel: *Profiel van die afgestudeerde teologiestudent en die toekomsbeplanning van die HTK*

Allegaartjie

is vier goeterse wat ekkie kan vestaan:
hoe 'n korhaan so stil innie lig loop staan,
hoe slang tene klip op seil, bodens bopie water bly
en hoe werkie liefde tissen 'n vrou enne man.

Spreuke 30: 18 in Griekwa Afrikaans
(Uit: *Innie skylte vannie Here*: Hans du Plessis, Lapa 2010)

Kursusse en toerusting

- **Toerusting: Ring van Potchefstroom en die HTK**
  Tema: *Woord en Gees*
  Spreker: Prof Andries van Aarde
  Plek: Gemeente Potchefstroom-Suid
  Datum: **Dinsdag 27 Mei** 10:00-12:00 met middagete daarna

Koste: Slegs die koste van die middagete – R50 per persoon
Alle belangstellende predikante, emeriti en ouderlinge welkom
Indien u die middagete saam wil geniet, kontak ds Schalk Kok voor of op **19 Mei**
Tel 018 294 4966 / 079 038 4121

- **VTT in Junie 2014: Net op Dinsdag 10 Junie**
  Tema: *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*
  By Gemeente Pretoria-Oos
  Koste R200 per persoon
  Kontak mev Betsie Brits by **betsie.brits@up.ac.za** / faks 012 420 4303) /
  tel 012 420 5393
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA rekening nommer 020 149 752,
  kode 63 20 05, verwysing 2013K VTT gevolg deur naam van kursusganger
  (Predikante moet die dokument van dr Wim Dreyer – Saam in diens: 'n Handleiding vir gemeentes wat in die voetspore van Jesus wil volg – wat aan alle predikante gestuur is, vooraf bestudeer en saambring na die VTT. Die dokument kan aangevra word van mev Karen Breedt by karen@nhk.co.za.)

- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening: 8-10 Augustus**
  Hartbeeshoek Natuurreservaat
  Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom
  Praktykgerigte bedieningsgesprekke oor:
  - Krisis van tradisionele jeugbediening en kategese, maar opwindende geleenthede wat *gesinsgebaseerde geloofsvorming* bied.
  - Opwinding en nuwe moontlikhede van *lewensfasebediening* in plaas van uitsluitlike fokus op wyksbediening.
  - Die *bedieningsvennootskap* tussen gemeentes en gesinne.
  - Verskillende modelle en metodes van *gesins-* en *jeugbediening.*

  Koste: R600 per persoon (2 nagte, 3 dae) chalet-akkommodasie
  en 5 etes ingesluit
  Kontak di Thinus van Staden (084 589 7035) of Marthinus van Staden
  (+267 7130 7197) vir besprekings en inligting

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
  vir volledige inligting en besprekingsvorm

- **Kom toer saam deur Israel: 23 November tot 1 Desember**
  Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)
  Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente Turffontein: Akkerboomfees**
  Drie in ’n span vir aflos boeresportkompetisie
  Op kerkterrein hv Biccard- en Presidentstraat
  Kontantprys van R500 vir die wenners, R300 vir die naaswenners
  en R200 vir die derde plek
  Ander pryse sal ook toegeken word
  Dis boeresport met ’n kinkel:
  - Spanne moet uit drie lede bestaan – een lid moet ’n dame/dogter wees.
  - Deelnemers moet ouer as 12 jaar wees.
  - Inskrywings is R15 per span en moet op 31 Mei voor 10:00 betaal word by die aanmeldpunt. Inskrywings sluit op 31 Mei om 09:00. Skakel Lukas by 082 552 9403 om in te skryf.
  - Spanne moet almal ’n eenderse uitkenbare kledingstuk of lint dra. Elke span moet ’n naam hê, byvoorbeeld: Die Drie Blitse.
  - Die dra van sportskoene word aanbeveel maar is nie verpligtend nie.
  - Deelname vind op eie risko plaas.

  Meer inligting en inskrywingsvorms by Lucas (082 552 9403 / **lukas@12n.co.za**)

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
  of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30
  by 011 826-4625

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei, trekking 1 Junie
  Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf
  Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met ’n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

Basaars en markte

- **Saterdag 24 Mei: Gemeente Groeneweide in Germiston**
  4x4-familiedag
  Stalletjies teen R100 vir die dag vir enige produk uitgesluit kos en koeldrank
  Inskrywing vir 4x4-kompetisie teen R100 – pryse te wen
  Kwads / vierwielers teen R50 vir 10 ritte om die baan – vir pret, geen pryse
  By die 4x4-baan tussen Elsburg en Elspark in Brugstraat
  Kontak Ria Kruger by 082 417 8508

- **Saterdag 30 Mei vanaf 12:00: Gemeente Delmas: Basaar**
  Tema: *Boererumoer*
  Kosstalletjies, vleis (bestellings by kantoor), koek en tee
  Speletjies en skattejag
  Sarel Celliersstraat (langs KFC)
  Navrae by 013 665 2679

- **Vrydag 30 en Saterdag 31 Mei: Gemeente Losberg op Fochville**
  Basaar met kosstalletjies, vleis, witolifanttafel en tierlantyntjies
  Vir die kinders 'n spookhuistent en speletjies
  Kontak dr Ernest Marran by 082 444 1089

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente van der Hoff: *80-reënboë-basaar***
  Ons het verlede jaar die 80ste bestaan van die gemeente gevier
  en hierdie jaar ons nuwe kerkgebou ingewy
  Ons hou basaar op die nuwe kerkterrein in Springbokstraat Cul-de-Sac
  Ons nooi almal wat nie die inwyding kon bywoon nie
  Kom kuier saam – hope vars groente en vleis te koop
  Navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993

- **Saterdag 31 Mei vanaf 08:30: Gemeente Lichtenburg: Oesfees**
  Local is lekker
  Gaskunstenaar: Riana Nel
  Kindervermaak, veiling, plaasstalletjie en ander
  Kompetisies met groot pryse, kaartjies R20
  Kwaliteitvleis teen uiters billike pryse
  Meer as 200 groot koeke en meer as 800 pakkies klein koekies en beskuit
  Kontak Du Toit van der Westhuizen by 082 877 6749
  Willie Manders by 018 632 4830 / **williemanders@arestan.co.za**
  Ds Gerrie Senekal by 082 576 1141 / 018 632 2658 / gcsenekal@nhk.co.za

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente Turffontein: Akkerboomfees**
  Gemeente is 85 jaar oud op 15 Mei
  Ring van Johannesburg en ander gemeentes welkom om deel te neem
  Boeresport en verskeie stalletjies
  Vir meer inligting skakel oudl Martin van Vuuren by 072 686 0470

ANDER NUUS

- **Vakature: Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
  Dame (35-50 jaar) om hoofsaaklik NHSV-boeke te hanteer
  Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans;
  opstel van inkomste- en uitgawestate; rekenaarvaardig;
  kennis van werksaamhede en boekhouding van NHSV 'n aanbeveling
  Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;
  goeie kommunikasievaardighede
  Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
  Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
  of per faks na 012 322 7909

- **Vakature: Junior Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
  Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans; rekenaarvaardig
  Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;
  goeie kommunikasievaardighede
  Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
  Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
  of per faks na 012 322 7909

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die

voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Baie dankie vir die PUIK uitgawes weekliks. Ons sien elke week uit om dit te lees. Groete en sterkte!”

Lucas Roodt, skriba: Gemeente Turffontein

AGTERBLAD

Gebed vir die week

God is tot alles in staat.
Laat ons Hom smeek om ons genadig te wees
en ons nie net te laat luister na wat Hy ons leer nie
maar ons dit ook te laat doen.
Mag Hy die vloed van sy waters oor ons siele laat bruis
en in ons vernietig wat Hy weet vernietig moet word,
maar ook in ons laat leef wat Hy oordeel moet leef,
deur Christus ons Here en sy Heilige Gees.
Aan Hom alle eer, eeu na eeu, tot in alle ewigheid.
(Origenes, oorlede 253)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Fotobron: marioreyes.com

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx